Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, June 09, 2019
Page: 5

Loop suutjies met buitelandse beleggings

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Moet ek nou ál my geld in die buiteland belê?

Ek kry dié vraag gereeld van lesers. En dis vir my duidelik dat emosie, gedryf deur politieke neerslagtigheid, die dryfveer is - aangevuur deur sekere mense wat hierdie emosies doelbewus aanblaas om hul eie buitelandse produkte te smous.

Emosies ter syde, dit het nie beleggingsin om al jou geld in die buiteland te belê nie, veral nou.

Ter verdere verduideliking, kom ons kyk net eers na beleggingsrisiko. Ons weet aandele is 'n bietjie hoër risiko as byvoorbeeld kontant. Maar ons weet ook aandele lewer verreweg die beste opbrengs oor tyd. As jy nie in aandele belê is nie, gaan inflasie jou geld wegvreet.

So, wat is belangrik hier? Tyd. Nie aandele teenoor kontant nie. Tyd.

En so kan ek aangaan. Belasting is 'n risiko. Verskillende ekonomieë in die wêreld het hoër of laer risiko. Politiek is 'n risiko, soos ons ervaar het in die korrupte Zuma-jare.

Maar ek het regtig tot die slotsom gekom die grootste enkele beleggingsrisiko is 'n produksmous. Dis die ou wat vir jou 'n produk onder die neus hou, nog lank voordat hy weet wat jou vermoëns is en wat jou realistiese verwagtinge is. Die ou wat homself slim hou, maar terselfdertyd die mees basiese beginsel van goeie beleggingsraad ignoreer: die sinvolle verspreiding in bateklasse om jou risiko te beperk.

Die produksmous sal altyd met dié argument kom: Kyk wat het my produk (in die buiteland) oor die afgelope jaar, tien jaar, maak nie saak nie, opgelewer. Dis tyd wat verby is, mens. Jy belê vooruit, jy belê nie agteruit nie.

Ek onthou nog hier in die 1990's hoe mense op die buitelandse wa gespring het. Ek onthou hoe bejaardes, wat nie genoeg aftreevoorsiening gemaak het nie, hul laaste geldjies ook verloor het. En die produksmouse ry steeds in windgat-karre.

Die huidige waarheid is dat groot fondsbestuurders met wie ek gesels tans hul blootstelling aan buitelandse aandele verminder, nie vermeerder nie. Hulle koop meer plaaslike aandele, want die prys is goed, die ekonomie is aan die herstel, ons is aan die begin van 'n nuwe politieke era (hoe senuagtig ons ook al is).

Daarenteen sit ons met 'n lang, uitgerekte buitelandse bulmark. Mense wat weet, merk op dat Amerika in die grootste finansiële borrel in die geskiedenis sit. Hy gáán bars.

Dink só daaraan: Ons ken almal die ou storie - koop laag en verkoop hoog. Buitelandse aandele is tans hoog geprys. Dis die tyd om te verkoop.

Suid-Afrikaanse aandele is tans laag, weens die afgelope vyf jaar se nagmerrierit vir enige finansiële raadgewer wat sy kliënt se belange dien. Maar die tyd is reg om te koop as jy groei wil hê.

Om egter die een teen die ander af te speel, is ook sinloos. Jy moet jou beleggingseiers versprei oor bateklasse en oor ekonomieë heen.

Daarom dat ek voorstel jy kry vir jou iemand wat onafhanklik na jou behoeftes sal kyk en dan vir jou beleggingsraad sal gee wat vir jou toepaslik is en daarvolgens vir jou 'n beleggingsportefeulje sal saamstel.

Jy moet buitelandse blootstelling hê. Jy moet plaaslike blootstelling hê. Afhangend van die tydhorison, meen ek ook meer in aandele as in kontant.

Nie alles in een ekonomiese mandjie nie - nie plaaslik nie en nie in die buiteland nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.